

Groiegroepe – Week van Sondag 29 Julie 2018

Tema: Leef met 'n verwagting!

Ons maandtema is **Woorde van wysheid!** en hierdie week se tema is **Leef met 'n verwagting!** Ons wil daardeur 'n verwagting skep vir die kwartaal wat voorlê.

1. WELKOM / WELCOME **10 min**

- 1) Wat is julle verwagting van die kwartaal met die kampvuurfes en 40 Dae-veldtog wat voorlê?
- 2) Deel 'n situasie waar die Here jou verras het met iets bo wat jy gebid of gedink het. Wat het dit vir jou beteken?

2. AANBIDDING **6-10 min**

- 1) Loof en dank die Here vir wat julle gedeel het en dat Hy betrokke is in julle lewens

3. WOORD / WORD **40 min**

1. Wat beteken dit om met 'n verwagting te leef? Wat se verskil maak dit in julle lewe?
2. Wat maak dit vir julle moeilik om met 'n verwagting te leef?
3. Luister na die Woord: **Efesiërs 3:14-21** (vgl teks onder aan die riglyne)
Nadat julle dit hardop gelees het, laat die mense dit sag weer lees en oordink.
4. Gebruik die volgende generiese vrae wat ons help om missionaal na die teks te luister. (Die vrae se doel is om ons te help om missionale kultuurskuiwe in ons lewens en gemeente te maak)
 - a) Luister en onderskei wat God vir jou/julle nou sê deur die gedeelte.
(Luister fyn na die Gees en die Woord)
 - b) Ontdek waarmee God nou besig is in jou lewe, gemeente en die land. Hoe help die teks jou/julle om te waag om oor grense te beweeg?
 - c) Verhelder en fokus: waarheen stuur God jou/julle volgens die teks?
 - d) Reflekteer en oefen in: waartoe vorm God jou/julle deur sy Gees?
Hoe verander die Gees jou deur die teks? (denke, gesindhede, woorde en optrede)

5. Hoe help die teks jou/julle om met 'n geloofsverwachting te leef in jou persoonlike lewe, die gemeente en die landsituasie?

5. WERKE/WORKS

5 min

Maak seker dat julle gesels oor hoe julle bogenoemde **prakties kan maak**.

Gesels hoe julle persoonlik en as groep gaan inskakel by die **Kampvuurfees** en die **40 Dae-veldtog**.

Gebed:

- **Dank die Here:**
 - Dat ons persoonlik en gemeente se bestaan van Hom afhanklik is.
 - Dat Hy in staat is om meer te doen as wat ons kan bid of dink.
 - Vir wonderlike geleenthede vir diens en groei hierdie kwartaal
- **Bid:**
 - Dat ons met 'n verwagting van God sal leef hierdie kwartaal
 - Dat ons oop sal wees om deur God verras te wees
 - Dat ons innerlik sterk sal word met al die uitdagings wat ons beleef
 - Dat ons vanuit die liefde sal leef en saam op reis sal wees
 - Vir die Kampvuurfees:
 - Goeie bywoning en ondersteuning
 - Genoeg helpers en voorrade
 - Hartlike gasvryheid en vriendelike atmosfeer
 - Vir die 40 Dae-veldtog:
 - Dat mense toegewyd sal inskakel
 - Dat ons mense sal nooi om die veldtog saam te doen
 - Vir groei en ontdekking van ons gawes
 - Vir die uitdagings met ons landsituasie
 - Vir mekaar se behoeftes

Skrifteks: Efesiërs 3:14-21 AFR83

- *¹⁴Daarom **kniel** ek in gebed voor die Vader ¹⁵aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. ¹⁶Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die **krag sal gee om innerlik sterk te word**, ¹⁷dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die **liefde gewortel en gegronde** sal wees. ¹⁸Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. ¹⁹Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal **vervul word met die volheid van God**. ²⁰**Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink**, ²¹aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.*